Hangklip Gemeenskapsorg Sentrum

Reg No. 102-000-NPO

Kwartaalikse Nuusbrief – Nr. 10, Januarie 2020

Hangklip Gemeenskapsorg Sentrum (HGSS) is 'n ten volle onafhanklike, geregistreerde nie-winsgewende organisasie. Ons werk vanuit fasiliteite wat ons by die Lakeside Chapel (h/v Wheeler- en Whitestraat, Bettysbaai) huur en met hulle deel. Ons visie is die bevordering van 'n samehorige Hangklipgemeenskap (inwoners van Bettysbaai, Pringlebaai en Rooiels), waarin 'n kultuur van omgee-vir-mekaar heers sodat probleme van onvoldoende voeding, eensaamheid, siekte, verwaarlosing, ensovoorts effektief aangespreek kan word. Ons fasiliteer, 'n reeks dienste aan die gemeenskap, hoofsaaklik met behulp van vrywilligers Dit sluit in:

- *Voorsiening van voedsame en smaaklike etes teen gesubsideerde, bekostigbare pryse*
- *Gratis verskaffing van kospakkies aan inwoners wat sukkel om in basiese voedingsbehoeftes te voorsien*
- *'n Kliniekdiens vir die reseptering van chroniese medikasie, roetine mediese toetse en uitleen van basiese verpleegtoerusting*
- *Geleenthede vir groeps-aktiwiteite, ontspanning en sosiale interaksie.*

Hierdie dienste, tesame met ander wat meer direk betrekking het op tuis-versorging en -ondersteuning, is die onderbou vir ons **HAIL** (**H**ome-based **A**ssisted **I**ndependent **L**iving) inisiatief, waardeur inwoners wat oor verminderde kapasiteit beskik om vir hulself te sorg, of ten minste onafhanklik te kan funsioneer, gehelp word om so lank moontlik in hulle eie wonings en binne die gemeenskap en omgewing waarvoor hulle lief is, te bly voortleef.

Afsluiting van 2019 en vooruitsigte vir 2020

Baie van HGSS se dienste en aktiwiteite het gedurende die vakansietydperk afgeskaal. Die kombuis het die jaar met 'n rojale galadinee vir HGSS-lede afgesluit op Woensdag 12 Desember. Ongelukkig is ons eetgeriewe beperk en slegs die eerste 75 lede wat bespreek, kon geakkommodeer word. Die kombuispersoneel en vrywilligers het sedert dan, tot 13 Januarie, 'n welverdiende rus geniet, veral omdat hulle 'n ongekende groei van 44% in die vraag na etes gedurende die voorafgaande 9 maande moes hanteer.

Die maandelikse opvoedkundige forum vir gesondheidswerkers ter ondersteuning van HAIL het ook gedurende Desember tot ruste gekom. Net so het ontspanningsaktiwiteite, naamlik pilates-klasse (wat Maandag- en Donderdagoggende bymekaarkom), die brugklub (wat die 1ste en 3de Dinsdagmiddag van elke maand bymekaarkom), en die vriendskapssirkel (waarvan die volgende vergadering 13 Februarie is) 'n kort pouse geniet en het nou weer met normale aktiviteite begin. Die verspreiding van kospakkies, wat maandeliks in die middel van die maand plaasvind en die agt-weeklikse kliniek (die volgende kliniek is Donderdag 6 Februarie), is nie deur die onderbreking beïnvloed nie.

Uitdagings vir 2020

Ons voorsien *heelwat* uitdagings wat voorlê. Een, wat waarskynlik ook 'n aanduiding is van die toename in die breër gemeenskapsorgbehoeftes in die Hangklip-omgewing, hou verband met die bogenoemde ongekende groei in die vraag na bekostigbare, smaaklike en voedsame maaltye wat in die HGSS-kombuis voorberei word. Die meeste van hierdie maaltye word tans teen hoogs gesubsidieerde pryse aangekoop deur lede van HGSS met 'n lae inkomste, terwyl 'n kleiner deel (32%) teen kosprys aan ander HGSS-lede beskikbaar gestel word. Die uitdaging lê daarin dat ons huidige kombuisreëlings, fasiliteite en personeel slegs 'n beperkte aantal maaltye kan produseer, en dat ons binnekort hierdie kapasiteit sal bereik. Ons kombuis verskaf tans maaltye op Maandae, Woensdae en Vrydae. Opsies vir uitbreiding wat oorweeg kan word, is óf die verhoging van die aantal maaltydvoorbereidingsdae van 3 tot 5 per week, óf die ontwikkeling van satelliet-kombuisgeriewe op 'n ander plek in ons streek, byvoorbeeld op Pringlebaai. Albei opsies het natuurlik personeel- en finansiële implikasies, en moet noukeurig ondersoek word sodat dit die groeiende behoeftes van die gemeenskap doeltreffend aangespreek kan word.

Dis egter van kardinale belang dat omvattende inligting oor gemeenskapsbehoeftes ingesamel word. Slegs met goeie volledige inligting kan sinvolle beplanning gedoen word sodat voldoende maaltye verskaf kan word en, veral ook in die breër konteks van HAIL-verwante doelstellings, om effektiewe mobilisering van gemeenskapsbronne te verseker. Die uitdagings verbonde aan die opname en bevrediging van hierdie gemeenskapsbehoeftes sal in die volgende afdeling (HAIL-nuus) verder bespreek word.

Die mees uitdagende doelwit vir 2020 is die hernuwing en uitbreiding van die HGSS-bestuurskomitee. Hierdie komitee besluit oor beleid en beplan en hou toesig oor die uitvoering van HGSS-dienste en -aktiwiteite. Komiteelede is vrywilligers en elke lid aanvaar verantwoordelikheid vir een of meer portefeuljes. Met die onlangse vinnige groei van die organisasie, beide wat lidmaatskap en omvang van dienste aangebied

betref, of in die vooruitsig gestel word, word dit toenemend nodig om rolle te versprei en verantwoordelikhede onder 'n groter aantal lede te deel. Verder is 'n inspuiting van toepaslike kundigheid en vars idees baie welkom en sal dit die organisasie bevoordeel deur dit meer dinamies en effektief te maak om die visie na te streef. Persone met 'n passie om ons Hangklip-gemeenskap te dien, word derhalwe aangemoedig om na vore te kom, hulself met komiteebedrywighede te vergewis en hul dan by die eerste geleentheid, wat op die algemene jaarvergadering in Junie gehou sal word, verkiesbaar te stel.

HAIL nuus

Strewe na die voldoening aan behoeftes

HGSS en ander omgeegroepe (bv. kerke) het lankal reeds besef daar is baie **onvervulde behoeftes** in hierdie plaaslike gemeenskap - oor 'n breë sosio-ekonomiese spektrum, maar veral die verouderende bevolking in ons omgewing met sy swak infrastruktuur en moeilike toegang tot noodsaaklike dienste.

Gesondheids- en ander gemeenskapsdienste hier (en elders) is onbevredigend en nie gerig op die behoeftes van bejaardes en gestremdes nie. Ons sien ook dat die huidige gesondheids- en sosiale stelsels nie die wil of finansiele vermoë het om in hierdie behoeftes te voorsien nie. Dit is dus die taak van ons as gemeenskap om die nodige ondersteuning te bekom sodat hierdie tekortkominge aangespreek kan word. Ons lewensgehalte en vermoë om so lank as moontlik in hierdie pragtige omgewing te bly, hang dus af van wat **ons** - individueel en gesamentlik - doen. Ons kan nie bekostig om onbetrokke voort te gaan nie; daar is te veel op die spel!

Oorsig van behoeftes

Deur die ondersoek na 'n vrywillige ondersteuningsbasis om verskillende behoeftes te bevredig, het ons tot die gevolgtrekking gekom dat 'n **vriendskaps-stelsel** (**buddy system**) wat op 'n buurt-basis aangepak word, waarskynlik die beste benadering sal wees. Maar voordat ons 'n platform van ondersteuning kan vestig, moet die behoeftes eers bepaal word.

HGSS het gesprekke gevoer met SIFAR (Samson Institute for Aging Research) - 'n befondsde OSW wat poog om inligting en bewusmaking van gesondheid, welstand en sosiale behoeftes van ouer mense te genereer en sodoende toerusting te ontwikkel wat ouderdomsvriendelike gesondheids- en maatskaplike dienste moontlik maak.

SIFAR gebruik 'n deeglik nagevorsde, omvattende vraelys wat ontwikkel is deur Inter-RAI (International Resident Assessment Instrument) en in meer as 35 lande gebruik word. Inter-RAI streef daarna om ingeligte kliniese praktyke en beleidsbesluitneming te bevorder, deur die versameling en interpretasie van hoë gehalte data oor die gesondheid en funksionele vermoëns van individue. Die doel is om individuele behoeftes, wat wissel van kliniese en maatskaplike ondersteuningsbehoeftes tot die behoefte aan profesionele sorgplanne, ten volle te begryp. Versamelde, gedeïndividualiseerde data word dan ook 'n instrument om algemene probleme uit te lig en te motiveer vir nodige dienste van gesondheidsorg- of ander owerhede wat gemoeid is met gemeenskapsorg.

Ons hoop om teen die middel van 2020 'n deur-tot-deur-opname in al drie dorpe te doen. Deelname sal vrywillig wees, maar daar is duidelike voordele vir die individu en die gemeenskap uit die terugvoer van hierdie data. In die komende weke sal HGSS onderneem om ons gemeenskap in detail oor hierdie inisiatief in te lig. (Die reaksie van besprekings tot dusver was baie positief.)

Kontak Joy Rourke by 060 983 8446, of joyrourke@gmail.com, vir meer inligting.

Opvoedkundige forum vir gesondheidsorgwerkers

Op 27 November is 2019 afgesluit met 'n werkswinkel oor die hantering van verlies en verdriet. Fran Tong, direkteur van Overstrand Hospies en 'n erkende leier op hierdie gebied, het die werkswinkel gelei.

Die forum beplan om op verskillende aspekte van die bogenoemde behoefte-opname te fokus in Januarie en Februarie 2020, wat baie relevant sal wees vir die werk van ons versorgers.

Kunsuitstalling

Die huidige kunsuitstalling by Bistro 365 in Pringlebaai, blyk 'n suksesvolle gemeenskapsprojek te wees. Die beduidende artistieke talent in die Hangklip-omgewing is pragtig ten toon gestel deur die samewerking van HGSC en Bistro 365. Deelnemende kunstenaars sluit in Sue Maas, Brindley Pritchard, Milly Jones, Ann Green, Pat Perloff, Mark van der Merwe en Catherine Jaussaud. Werner Zybrands, wat die uitstalling op 30 November geopen het, het elke kunstenaar aan die 77 genooide gaste voorgestel – meestal familie van die kunstenaars en vriende en ondersteuners van HGSC. Boschendal wyn en 'n verskeidenheid heerlike versnaperinge het bygedra tot die gesellige atmosfeer. Goeie verkope van die kunswerke het die kunstenaars bevoordeel, maar ook 'n welkome bydrae tot HGSC-fondse gemaak. Spesiale dank vir die reëlingskomitee van HGSC onder leiding van René Kaljee, en Reneé Barnard van Bistro 365 vir voortgesette ondersteuning en aan Boschendal vir die uitstekende wyne.

Opening van die kunsuitstalling by Bistro 365

Lidmaatskap

Lidmaatskap van HGSC groei konstant. Dit is verblydend om te sien dat die Hangklip-gemeenskap op hierdie manier eienaarskap van die sentrum neem. Die meerderheid van die lede wat aansluit, kies om deel te neem aan die groei van 'n omgee-gemeenskap as 'n waardevolle belegging in hul eie toekoms, eerder as om onmiddellike voordeel vir hulself te kry.

Lidmaatskap is oop vir alle inwoners van die Hangklip-streek (Bettysbaai, Pringlebaai en Rooiels). Om inklusiwiteit te bevorder, is die jaarlikse ledegeld 'n beskeie R60, maar selfs dit kan verminder word afhangend van huishoudelike omstandighede. Aansoekvorms en verdere besonderhede is op aanvraag beskikbaar (Navrae: Patricia Ackerberg, 082 378 1641).

Help asseblief om te verseker dat hierdie nuusbrief onder die aandag van soveel as moontlik Hangklip inwoners gebring word om hulle bewus te maak van die dienste wat HGSS fasiliteer en hulle aan te moedig om lede te word. Vir diegene wat graag ‘n eenmalige of gereelde (belastingaftrekbare) donasie wil maak, voorsien ons graag die nodige bankbesonderhede. Gebruik asb u van en voorletters as verwysing, en stuur u kontakbesonderhede aan Adrian de Kock (adrian25@telkomsa.net) sodat hy mettertyd ‘n belastingsfaktuur kan uitreik.

Rekening: Hangklip Community Care Centre

Bank: Eerste Nasionale Bank

Rekeningnr: 62460003818